Laerskool Jan van Riebeeck
Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

# JAARVERSLAG 2022

## Inleiding

Dit is vir my 'n groot voorreg om die 2022 jaarverslag van Laerskool Jan van Riebeeck aan julle voor te hou. Die doel van die verslag is om 'n bondige oorsig van die jaar se gebeure oor te dra.

## Algemeen

Vanjaar is gekenmerk as 'covid-loos' of sal ek eerder sê sonder drakoniese Covid-inperkinge en dit plaas sommer gou weer alles vir ons in perspektief aangesien alles wat ons as normaal geken het binne 'n oogwink verander het.

Jannie-wees beteken … gelukkige leerders, gebalanseerde mense en 'n kultuur wat na die kind in totaliteit kyk. Om kind te wees en om hul 'natuurlike' mylpale te bereik, is vir ons baie belangrik. Om konneksie met ons leerders te bou, is uiters waardevol aangesien leer die beste plaasvind wanneer die kind geborge voel. 'n Ope uitnodiging bly om 'n goeie verhouding met jou kind se onderwysers te bou. Op hierdie manier word misverstande vinnig hok geslaan. Spreek dus bekommernisse so spoedig moontlik aan. Ons wil regtig help, maar kan nie betrokke raak of ondersteuning bied indien ons nie kennis van die bekommernis dra nie.

Ons spreekwoordelike beker van dankbaarheid loop omtrent oor as ons terugkyk oor 'n ongelooflike jaar met verskeie merkwaardige prestasies op akademiese -, kulturele- en sportgebied.

## Beheerraad

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om ons dinamiese Beheerraad hartlik te bedank vir hulle insiggewende insette, kosbare tyd en toegewydheid om Laerskool Jan van Riebeeck na hoër hoogtes te lei. Baie geluk aan Susan van der Walt wat vanjaar as die Tesourier verkies is. Baie dankie aan ons BR-Voorsitter, Merwe Scholtz, vir sy strategiese leiding om te verseker dat ons skool van krag-tot-krag gaan met 'n sterk akademiese inslag, maar ook terselfde tyd leerders toe te laat om solank moontlik kind te wees.

**Akademie**

Ons skool is voorwaar geseënd met 'n sterk akademiese kultuur.  Dit behels ontwikkeling en ondersteuning op verskillende maniere.  Ons poog om leerders op alle vlakke te verryk d.m.v. allerhande olimpiades en kompetisies.

Ons het die welkome nuus ontvang dat ons die enigste skool in ons distrik/kring is wat met die sistemiese assessering (wat gedurende kw. 4 van 2021 geskryf is) fantastiese resultate behaal het.  Met die pandemie steeds vars in ons geheue, het ons skool se akademie verbeter in hierdie tydperk en nie agteruit gegaan soos ander skole nie.  Dit wil sê dat ons strategie vanaf 2020 tot nou reg en goed is, dat ons regtig doen wat die beste vir ons leerders en gemeenskap is al stem ons nie almal met alles saam met hoe en wat gedoen/besluit word nie.  Op hierdie noot wil ons dan spesiale melding maak aan elke leerder, ouer en onderwyser wat die ekstra myl stap. Ons besef dat dit nie aldag maklik is om 'n kind konsekwent te ondersteun in 'n omgewing waar daar hoë akademiese standaard gehandhaaf word en verwag word nie.  So belangrik om te onthou dat ons bewus is dat nie elke leerder 90% vanaf gr. R kan verwerf nie.  Ons weet dat leerders teen hul eie tempo ontwikkel en floreer wanneer die tyd reg is.  Dis wat ons skool se kultuur regtig spesiaal maak.  "***No child left behind"*** is 'n lieflike mantra waarvolgens ons kan leef. Met afwagting hoop ons op goeie resultate van hierdie jaar se sistemiese assessering wat in kw. 4 geskryf is. Ons sal dit bekend maak sodra die resultate in 2023 met ons gedeel word.

Ons skool kon, ten spyte van die onderwysdepartement wat assesseringstake verminder het om voorsiening te maak vir die agterstand wat Covid gebring het, steeds al die voorgeskrewe werk voltooi soos die aanvanklike kurrikulum (KABV) dit vereis.  Ons voel dat ons 'n plig en verantwoordelikheid teenoor elke leerder se akademiese toekoms het.  Ons wil elke kind die kans gee om die beste te wees wat hy/sy kan wees.  Dit beteken om hulle so goed moontlik voor te berei om enige hoërskool met selfvertroue by te woon en in die proses te presteer.  Dit bly ons uitgangspunt!

Ons pas steeds ons rooster aan sodat addisionele vakke ook die geleentheid gegun word om onderrig te word.  Verrykingsvakke bv. Kuns (gr. 1 - 7), Drama en Dans (gr. 1 - 7), isiXhosa (gr. 1- 6), Biblioteek (gr. R - 6) en Kodering & Robotika (gr. R - 7) maak ons leerders opgewonde oor skool, brei uit op verskeie talente en bied ons hulle die geleentheid om sommer net te ontspan terwyl ontwikkeling plaasvind. Hiermee probeer ons om op 'n regverdige manier soos die rooster ons toelaat sonder om te veel tyd van ander vakke te neem ons leerders aan soveel moontlik leerareas bloot te stel.

Goeie strukture en prosesse stel ons in staat om onderrig so goed moontlik te laat geskied.  Gebalanseerde klasindelings, deeglike oorgangsgesprekke van een graad na die volgende berei die onderwysers so goed moontlik voor op die leerders waarmee hul werk.  Ouerinligtingsgeleenthede word so gereeld moontlik geskep sodat ons ope gesprekke oor ons leerders met hul ouers kan voer.  Terugvoer en gereelde kommunikasie rakende leerders se vordering is vir ons baie belangrik.

Daar word reg deur die jaar baie klem op Wiskunde gelê deur dit op praktiese maniere aan te bied. Ons doen dit deur verskillende metodes in die klas te gebruik asook om ons leerders aan verryking bloot te stel. Daarom neem ons gr.4 – 7-leerders jaarliks aan olimpiades en wiskundekompetisies deel.
Dit sluit in: SAMF-Wiskunde-olimpiades, Horizon-Wiskundekompetisie, ''Living Maths'' olimpiade en die Melkbos-Wiskundekompetisie. Ons leerders het baie goed in hierdie kompetisies presteer. In die SAMF-Wiskunde-olimpiade wat oor drie rondtes geskryf word, het ons vier leerders gehad wat deel van die top 100-leerders was. Tydens die Horizon-Wiskundekompetisie het ons drie graad 7-leerders gehad wat in die top 100-leerders van die Wes-Kaap geëindig het. Meer as 25 000 kinders het aan die kompetisie deelgeneem. Tydens ''Living Maths'' olimpiade het ons baie leerders wat 80% en hoër behaal het. Die Melkbos-Wiskundekompetisie waar 10 skole aan 'n dag van verrykende Wiskunde deelgeneem het, het ons die jaar die kompetisie vir die 6de jaar in 'n ry gewen. Elke skool skryf vier spanne van vier leerders in. Dit mag slegs gr. 6 of 7-leerders wees. Uit die 40 spanne het drie van ons spanne in die top 10 geëindig. Een van ons spanne het die spanafdeling gewen en gesamentlik het al ons spanne die meeste punte behaal en sodoende het ons ook die skole-afdeling van die kompetisie gewen. 'n Heerlike Wiskundekamp is vir die leerders aangebied waartydens die fokus op pret en verryking geval het, dus word daar geleer deur pret te hê. Die leerders het die geleentheid baie geniet.

Die graad 6-leerders het op Saterdag, 20 Augustus, aan 'n provinsiale *Spelling BEE* (English Home Language) deelgeneem. Die kompetisie is deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement gereël en twaalf skole het deelgeneem. Karlien van der Walt het onder die eerste vyf geëindig en Katia van Wyk het derde gekom. Hulle moes ongeveer 900 woorde leer en het dus uitstekend gevaar. Ons is baie trots op hulle!

Een-en-dertig van ons gr.4 - 7-leerders het aan die Eisteddfod se kreatiewe skryfafdeling deelgeneem. Drie van ons leerders het Hoogste Lof (90%+) behaal en sestien van ons leerders Lof (80 - 89%). Katryn Silvis (gr.4) het 'n silwermedalje losgeslaan.

Een-en-twintig van ons talentvolle gr.4 - 7-skrywers het ook aan die WKOD se skryfkompetisie in die Afrikaans - en Engels Huistaal afdeling deelgeneem. Die leerders moes die boek aanlyn skryf op die kindervriendelike "Book Creator"-toep. Ons is weereens herinner hoe kreatief en innoverend ons leerders is! Ons skrywers het uitstekend gevaar en omtrent al die medaljes losgeslaan.

Onderskeie prysuitdelingsgeleenthede het in die skoolsaal plaasgevind om sluiting aan die akademiese jaar te bied. Ja, nie alle leerders kan trofees vir hul akademiese prestasies ontvang nie en dis ook nie ons doel om leerders wat wel op hul eie manier vorder, te verneder nie. Ons gee wel erkenning aan elke leerder se unieke vordering gedurende die jaar deur 'n sertifikaat aan elkeen toe te ken. Dis net so belangrik om akademiese erkenning as kultuur- en sporterkenning te gee.

'n Belangrike komponent van akademie is om 'n sterk leerontwikkeling en ondersteuningsentrum te skep waar alle leerders gehelp kan word wat 'n sekere uitval/intervensie/verryking op 'n sekere tydstip benodig om effektiewe leer in die

toekoms te verseker. Terapie is dus gefokus en uitvalle soos onder andere leesspoed, leesbegrip, ens. word hier aangespreek. Met alle ondersteuning moontlik kon ons hierdie jaar dit regkry om leerders betyds te identifiseer sodat intervensie op verskeie vlakke geïmplementeer kon word. Hierdie sentrum spesialiseer met die dienste van: Remediërende onderwys, 'n Opvoedkundige sielkundige, 'n Spelterapeut, 'n Taal- en spraakterapeut en Arbeidsterapeut. Aangesien ons 'n laerskool is en dit die tydperk is wanneer terapie en intervensie die grootste impak maak, wil ons gerusstelling bring dat hierdie sentrum op alle leerders fokus en nie net op leerders wat akademiese uitvalle toon nie. Ons is nie 'n inklusiewe skool nie, maar streef daarna om soveel en so goed moontlik leerders op verskillende fases te kan akkommodeer om hul potensiaal te bereik. Ons wil graag glo dat dit een van die faktore is wat ons skool ekstra spesiaal maak.

**UITEENSETTING VAN LEERDERS WAT DEUR DIE SENTRUM GEDURENDE 2022 ONDERSTEUN IS:**

| Gr. | Sielkundige dienste | RO | Leer-onder-steuning | Arbeids-terapie | Taal- en Spraak-terapie | Spel-terapie | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | 4 | 10 | 6 | 10 | 6 | 9 | **45** |
| **2** | 3 | 12 | 1 | 4 | 1 | 0 | **21** |
| **3** | 2 | 16 | 0 | 2 | 1 | 4 | **25** |
| **4** | 4 | 14 | 2 | 5 | 0 | 0 | **25** |
| **5** | 3 | 9 | 3 | 4 | 0 | 0 | **19** |
| **6** | 4 | 5 | 4 | 0 | 0 | 0 | **13** |
| **7** | 6 | 5 | 3 | 0 | 0 | 0 | **14** |
| | **26** | **71** | **19** | **25** | **8** | **13** | **162** |

**Leerontwikkeling en -ondersteuning: Skoolgebaseerde ondersteuningspan (SGOS)**

Die span se doel is om na die vordering van die leerders se akademie; emosionele welstand en sosio-ekonomiese omstandighede om te sien. Die span is ook daar om aan die opvoeders hulp en leiding te bied. Kommunikasie tussen die spanlede en personeel is baie waardevol vir die kinders se opvoeding. Die sukses van die span hang van goeie samewerking en ondersteuning van die personeel, ouers en terapeute af. Die SIAS-proses word gevolg om die nodige ondersteuning aan leerders te bied en indien leerders van alternatiewe assesserings (konsessies) gebruik maak, dit dan by die WKOD te registreer. Verwysings na verskeie terapeute vir ontwikkeling en/of verryking geskied vanuit hierdie span.

**Die SGOS-bestaan uit die volgende lede:**

- Skoolhoof;
- Akademiese Hoof;
- SGOS-koördineerder & Leerontwikkeling graad 1 – 7;
- Opvoedkundige Sielkundige;
- Departementshoof Huppelland;

- Departementshoof graad 4 - 7.
- Opvoeder Huppelland; Departementshoof graad 1 - 3;
- Opvoeder Grondslagfase.

Spanvergaderings is uiters belangrik en vind op 'n gereelde basis plaas om die nodige ondersteuningsplanne te bespreek. Ons glo dat kommukasiekanale tussen ouers en die skool te alle tye oop en eerlik moet wees sodat elke leerder die nodige ondersteuning kan ontvang. Ons strewe daarna om uitvalle so spoedig moontlik te identifiseer en aan te spreek sodat intervensie so vinnig moontlik in plek gestel word.


Die ***grondslagfase leerders*** het hierdie jaar pragtig gevorder. Dit is ongelooflik om te sien hoeveel hulle in die een - drie jaar van die fase baasgeraak het. Die nuwe Jolly Phonics, Huistaal klankprogram, het nuwe deure vir die Graad 2-leerders geopen. Die Graad 3-onderwysers is baie opgewonde oor die impak wat dit op die graad 3-leerders in 2023 sal hê. Dit is ook met vreugde dat ons kon sien hoe die Leesbegrip-program wat ons in 2020 begin het 'n verskil aan die huidige graad 3-groep gemaak het. Akademies is daar baie waaroor ons werklik tevrede voel en is al die leerders gereed vir wat op hulle in elke nuwe fase wag.

Dis ook 'n riem onder die hart om te sien watter groot verskil die verskuiwing van onderwysers vanaf een graad na 'n ander gemaak het. Ons het opnuut besef hoe belangrik en noodsaaklik verandering is.

Ons poog om 'n balans tussen skryfwerk (tradisionele manier van klasonderrig) en die digitale wêreld te handhaaf waar ons spesifiek in gr. 4 - 7 ons leerders die geleentheid bied om tydens klastyd al hoe meer op Chromebooks hul opdragte voltooi. Daar is steeds heelwat ruimte vir fynmotoriese ontwikkeling deurdat leerders in werkboeke skriftelike werk moet voltooi. Dis dan ook vanuit hierdie perspektief en manier van doen wat ons besluit het om vanaf 2023 digitale toestelle vir graad 5-leerders aan te koop met die idee om vir elke leerder in gr. 4 - 7 gedurende 2024 met 'n toestel toe te rus. 'n Duidelik Visie is in die nuusbrief geplaas waarvolgens hierdie kurrikulum geïmplementeer sal word. Daar is heelwat aanpassings op die horison om ons akademiese kurrikulum so goed moontlik uit te bou en ons leerders met die 21ste eeu-vaardighede toe te rus.


Ons glo daaraan om aan die einde van elke jaar deeglike oorgee gesprekke van een registeronderwyser na die ander te voer. Hierdie inisiatief vorm deel van die klasindelingsproses. Ons poog ook om ouers so goed moontlik vir die volgende onderwysfase (Grondslagfase / Intermediêre / Senior Fase) voor te berei deur inligtingsgesprek geleenthede te skep. Die bywoning en betrokkenheid van ons skoolgemeenskap by hierdie geleenthede is bewys waarom ons skool met puik akademiese resultate mag spog.

Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die Grondslagfase (Gr. 1 - 3) oor die afgelope akademiese jaar:




| | Gr. 1 | Gr. 2 | Gr. 3 |
|---|---|---|---|
| KW 1 | 85,6% | 85,6% | 83,0% |
| KW 2 | 86,2% | 85,3% | 82,1% |
| KW 3 | 83,7% | 84,5% | 82,6% |
| KW 4 | 83,4% | 85,2% | 80,2% |
| GEMIDDELDE | 84,7% | 85,2% | 82,0% |

Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die Intersenfase (Gr. 4 - 7) oor die afgelope akademiese jaar:




| | Gr. 4 | Gr. 5 | Gr. 6 | Gr. 7 |
|---|---|---|---|---|
| KW 1 | 75,8% | 77,0% | 75,8% | 77,7% |
| KW 2 | 79,0% | 73,8% | 74,7% | 76,3% |
| KW 3 | 79,8% | 79,6% | 78,0% | 80,8% |
| KW 4 | 78,8% | 74,8% | 75,6% | 74,6% |
| FINAAL | 77,9% | 75,8% | 76,0% | 77,5% |

## Sport

### (a) Binne skoolverband

Vir ons skool het die sport in 2022 voort te gaan soos ons 2021 afgesluit het. Alhoewel ons met die Atletiekbyeenkoms in Desember 2021 duidelik die impak van COVID kon sien in die getal leerders wat deelgeneem het, het dit ons nie gestuit nie en ons het steeds 'n heerlike byeenkoms gehad.

Met die opheffing van alle inperkingsvlakke het ons weer volstoom met ons onderskeie ligas voort gegaan. Dit was vir ons egter baie duidelik watter skole tydens die pandemie 'n vorm van vaardighede / oefeninge gedoen het. Skole wat tradisioneel vir ons sterk kompetisie was se kinders het hierdie jaar die impak duidelik gewys as ons na die tellings kyk.

Ons het hierdie jaar vir die volgende sportkodes se ligas ingeskryf:

- Krieket (mini-krieket en senior)
- Tennis (Table View en Noordelike liga deelname)
- Atletiek (die onderskeie rondes om vir WP te kwalifiseer asook ander byeenkomste)
- Netbal (ons o.12 A en o.13 A-spanne het hul onderskeie ligas gewen)
- Hokkie (ons eerste jaar as deel van die noord liga)
- Skaak (vriendskaplik en liga)

Vir die meeste van die bostaande sportkodes het ons ook aan verskeie toernooie asook ekstra vriendskaplike wedstryde deelgeneem. WP Rugby was ongelukkig nie in 2022 reg om wedstrydbepalings betyds uit te stuur nie, maar ons het verskeie vriendskaplike wedstryde gespeel.

Ons spog hierdie jaar weer met verskeie leerders wat hul provinsiale kleure verwerf het:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Stella Pansegrouw** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **2.** | **Jeanne van Heerden** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **3.** | **Nils le Roux** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **4.** | **Adriaan Wessels** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **5.** | **Gustav van der Linde** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **6.** | **Delmar Benecke** | **WP-Kleure** | **Tweekamp** |
| **7.** | **Dawid-Wiese Viljoen** | **WP-Kleure** | **Tennis** |
| **8.** | **Sophia Liebenberg** | **Wes-Kaap** | **Netbal** |

Hierdie jaar het ons ernstig begin met die opknapping van 'n paar sportfasiliteite sowel as toerusting. Met ouers se finansiële hulp, het ons 'n tellingbord op die Conradieveld opgerig en die veld agter die skool vergroot. Ons "boundery rope" is Donderdag, 8 Desember, afgelewer en sal in 2023 ingespan word. Ons wag vir 'n aflewering van netbal- en rugbyballe wat spesiaal met die skool se embleem gemaak word. Ons het ook reeds verskeie addisionele hokkietoerusting vir 2023 se seisoen aangeskaf.

Ons beplan om volgende jaar ons swemafrigting uit te brei deur die skep van 'n "*sqaud*" wat soggens voor skool sal swem. Ons beplan ook om vir ons o.7- en o.8-spelers wat gedurende die winterseisoen aan hokkie wil deelneem 'n oefengroep te skep. Hulle fokus sal egter eers net vaardighede wees en hulle gaan nie aan liga-wedstryde deelneem nie.

Ons kan reeds sien dat meer en meer skole weer hul buitemuurse programme begin implementeer en ons het al vir verskeie toernooie, byeenkomste of sportdae vir 2023 ingeskryf.

Ons sluit die jaar met ons Atletiek-kleuresportbyeenkoms af. Hierdie jaar was effens anders met die verandering in ligging. Ons moes noodgedwonge die byeenkoms te Hoërskool Kampsbaai aanbied omdat hulle besig is met rehabilitasie by Hoërskool JvR se velde. Ons kon nie vir beter weer vra nie. Die dag het bietjie langer aangehou as wat ons beplan het a.g.v. omstandighede buite ons beheer, maar dit was steeds wonderlik.

**(b) Buite skoolverband**

Nina Lubbe het hierdie jaar na Japan gereis om haar swartbelt-gradering vir Goju kai Karate af te lê. Dit het baie goed gegaan en sy ontvang dan haar swartbelt-gradering.

Ons het ook verskeie leerders wat deel is van die Clifton Nippers klub en aan verskeie kompetisies en byeenkomste deelneem. Die leerders waarvan ons kennis dra is: Stella Pansegrouw, Jeanne van Heerden, Kai Allewell, Delmar Benecke en Daxton Liversage.

Delmar Benecke verteenwoordig Clifton Lewensreddingklub by die Suid-Afrikaanse byeenkoms en behaal die volgende prestasies:

- die 5de meeste punte vir o.11 seuns
- die span wen goud vir o.12 "Mixed sprint relay"
- wen silwer medalje vir "Beach sprint"
- wen silwer medalje vir "1000m Beach run"

Baie geluk aan Liza Hitge en Sophia Liebenberg wat kleure vir Wes-Kaap Aksie-netbal ontvang het.

Ons het hierdie jaar heelwat meer leerders wat aan gimnastiek-kompetisies deelgeneem het. Hulle ontvang hul erekleure as volg:

- Stella Pansegrouw (Wes-Kaap Gimnastiek Spanlid Erekleure - Artistiese Gimnastiek)
- Abi Fourie (Wes-Kaap Gimnastiek Spanlid Erekleure - Ritmiese Gimnastiek)
- Mia van Zyl (Wes-Kaap Gimnastiek Spanlid Erekleure - Artistiese Gimnastiek)
- Lea Basson (Wes-Kaap Gimnastiek Spanlid Erekleure – Level 7" Ritmiese Gimnastiek)

## Kultuur

Laerskool Jan van Riebeeck is trots op ons ryk kultuurtradisie met musiek, kore, redenaars, kuns, drama en dans wat aangebied word. Die musiekdepartement het weer hierdie jaar klavier, blokfluit, sang, teorie, viool en kitaar aangebied. Ons leerders het besonder goed presteer met verskeie toekennings en uitstekende punte by Unisa en Trinity College eksamens.

Daar is ook aan verskeie Eisteddfods deelgeneem waar hoë punte in klavier en Sang behaal is en ‘n hele paar topmedaljes verower is.  Ons twee kore (junior en senior) het weekliks geoefen en aan koorfeeste en ‘n baie mooi Kerssangdiens te NG Kerk, Tamboerskloof deelgeneem.

Die ***Ôsim*** Musiekkonsert was ‘n reuse sukses!  Ek glo dat almal wat die konsert bygewoon het, sal saam stem dat die konsert eerder ‘n skouspel was waaroor nog lank gepraat gaan word.  ***Ôsim*** (Die Seelewe is Magic) kon net suksesvol aangebied word deur ‘n spanpoging van Ben, Jana, personeel, leerders en ouers. Die detail in die kostuums, grimering en voorportaal was kleurryk en asemrowend. Die teks vervat komtemporêre uitdagings en die musiekkeuse van elke graad was perfek en het die boodskap van die gevare van seebesoedeling effektief oorgedra. ***Ôsim*** het aand-na-aand soveel opwinding en energie opgelewer. Hierdie skouspel het verseker dat alle konsertgangers met ‘n breë glimlag die skoolterrein verlaat het, vol geesdrif en positiwiteit. Die konsert het beslis daai lekker en trotse gevoel vir almal gegee. Opvallend was hoe die leerders hulself behoorlik tydens die konsert ingeleef het en die ondervinding terdeë geniet het. Die standaard is gestel en ons sien uit na die volgende opwindende konsert wat vir 2024 beplan word - hou die spasie dop!





Juffrou Barbie se privaat dansklasse is altyd baie gewild en die leerders presteer uitstekend.  ‘n Paar leerders is die geleentheid aangebied om in New York te gaan studeer. Wat ‘n voorreg!

Ons skool is bevoorreg om ‘n kunsjuffrou soos Rentia te hê wat vir elke kind binne skoolverband kunsonderrig bied en ook vir die privaat kunsklasse verantwoordelik is. Ook hier is daar pryse gewen by verskillende kunskompetisies.

Dan is daar nog dramaklasse (tydens skooltyd asook privaat klasse) ook. Leerders het by die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod verskeie medaljes verower.

Daar was hierdie jaar heelwat nuwe asook ervare sprekers by ons redenaars betrokke. Ons het die jaar afgeskop met 24 sprekers tydens ons interne kompetisie waarvan 21 sprekers by die ATKV kompetisie gaan deelneem het.  Een, van ons redenaardeelnemers het ‘n 7de plek in die Wes-Kaap behaal asook leerders wat aan ander kompetisies soos radikale redenaars deelgeneem het.  Ons is baie trots op ons leerders se vermoë om so oortuigend voor ‘n gehoor te praat en sien uit om die pad volgende jaar verder te stap.

Ons is werklik trots op ons leerders se kulturele prestasies en glo dat ons tydens 2023 selfs nog verder sal verbeter en uitbrei op hierdie afdeling van die skool sodat gebalanseerde leerders ons fokus bly.

**<u>Geboue en Terreine</u>**

Verskeie projekte is hierdie jaar aangepak om seker te maak dat ons infrastruktuur word opgegradeer op ‘n standard wat ons kompeterende met ander skole maak.  Dit sluit die volgende projekte/opgraderings in:

- Die vervanging van die asbesdakke by Huppelland vanaf 26 Maart tot 04 April.
- Die Installering van’’dry wall’’ in Marietjie se klaskamer sodat ons die REM vir Grondslagfase en Intersen apart kan doen.
- Inrig van die klein stoortjie oorkant die biblioteek vir die spelterapeut.
- Die verf van die gang voor die senior dogtersbadkamer is afgehandel.
- Die vervanging van die ingangsdeur vanaf die vierkant na die administratiewe kantore is afgehandel
- Die agterste muur aan die binnekant van die saal is geverf.
- Die kaste in die sportkantoor is geïnstalleer.
- Die opgradering van die voorportaal is afgehandel.  Baie dankie vir die graad 7 se skenking van die ‘’water feature’’, dit lyk pragtig.  Groot dankie aan Annelie en Riaan Hitge asook Tracy en Wille Wiese vir hulle aandeel in die verband.






- Die installering van die Geslote KringTV-Kamerastelsel is geïnstalleer.





- Die aanstel van PPA se sekuriteitswagte permanent vanaf 19 Julie. Hulle beman ons hoofhekke vanaf Maandae tot Vrydae (06:00 – 18:00) om sodoende die veiligheid van leerders, ouers en personeel te verseker. Hannes het ook vir ons 'n waghuis gebou wat opgerig is by die boonste hek (tennisbane).




- Die vierkantprojek het op Maandag, 03 Oktober begin. Tabor-Konstruksie hanteer die bouwerk en is amper afgehandel.




- Die sportveld, plaveisel en teerwerk (agter die skool): Die gras op die uitgebreide sportveld het baie mooi gevestig en ons kan die ‘nuwe’ spasie nou baie meer doeltreffend aanwend. Die plaveisel onder die bome naaste aan die uitgang dra tot die estetiese effek van die hele projek by. Hier gaan ons nuwe bankies vir leerders, ouers en personeel plaas om sommer lekker voor-, tydens en na skool te ontspan. Die teerwerk is op Saterdag, 08 Oktober, onder die wakende oog van Gerhard Conradie perfek voltooi. My mond het letterlik oopgehang terwyl ek die indrukwekkende proses aanskou het. ‘n Baie fyner tipe teer is gebruik en met moderne toerusting en kompakteerde rollers (‘bomag’ rollers) perfek gevestig om die gladde oppervlakte te bewerkstellig. Gerhard Conradie ons salueer jou vir wat jy alles vir die skool doen.








- Die opgradering van die kroegfasiliteit by ons klubhuis.  Dit is nou omskep in ‘n pragtige onthaalarea.  Weereens groot dankie aan Oloff Sieberhagen wat die opgradering bestuur en befonds het.



- Die oprigting van die nuwe Elektroniese tellingbord wat op Woensdag, 03 November 2022, tydens die o/13A-krieketwedstryd tuis teen Laerskool Kampsbaai inwy is.  Weereens groot dankie aan al die ouers wat ‘n finansiële bydrae gemaak het om die pragtige tellingbord te kon aankoop.




Algemene onderhoud is deur die loop van die jaar gedoen.  Die terreinpersoneel het uitstekende werk verrig om die terrein netjies en skoon te hou.  Dit sluit hulle verpligtinge om te verseker die tuine is netjies, optel van blare in die verskeie areas, sny van grasperke en die onderhoud van die swembad.  Velde kry in die somermaande baie water d.m.v. boorgat en word ook drie keer ‘n jaar vir onkruid gespuit.  Verskeie bome is by die skool gesnoei om te verseker dat daar nie skade aan die geboue gerig word nie.

**Finansies**

2022 het afgeskop met ‘n voorspelde kontanttekort a.g.v. minder leerdergetalle as begroot. Die tekort is die jaar aangevul met die vraag na nasorg wat gedurende die jaar toegeneem het.
Deur die doeltreffende bestuur oor die invordering van skoolfonds en voortdurende kommunikasie aan ouers/voogde t.o.v. skoolfonds, toon die 2022 jaar tans ‘n voorspelde surplus van R 154 000.
Baie dankie aan al die ouers/voogde wat die skoolfonds pligsgetrou betaal.

***Finansiële notas vir 2023 is as volg:***

- Ad hoc spanderingsversoeke, buite die begroting sover moontlik te vermy.
- Skoolfondsinvordering doeltreffend te bestuur.
- Deurlopende prioriteitslys te hou, in lyn met strategiese beplanning.
- Benadering tot finansies voortdurend te vestig dat die skoolfonds te alle tye aangewend moet word, tot vooruitgang van die leerders.

Die jaarlikse begrotingsvergadering met ouers is op Maandag, 6 November 2022, om 18:00 in die biblioteek gehou.  Tydens die vergadering is die 2023 begroting asook die verhoging van 12% in skoolfooie vir die Laerskool en 6% vir Huppelland goedgekeur.  Die verhoging van 1 % in fooie word grootendeels toegeskryf aan inflasie, sekuriteitswagte en addisionele sportgeleenthede vir 2023.

## Nasorg

Die Lizelle Kilbourn Nasorgsentrum is 'n veilige plek waar ons Jannies na skool lekker sosiaal kan verkeer, of verder hul vermoëns en talente op kulturele- en sportgebied kan uitbrei.  Smiddae is dit 'n spilpunt van Laerskool Jan van Riebeeck aktiwiteite.

Ons het hierdie jaar die hele nasorgaanbieding suksesvol uitgebrei en het addisionele speelgoed, sporttoerusting, verf, huiswerkklastoerusting, ens. aangekoop.  Ons het afwisseling in die tipe broodjies en verversings wat die Nasorgleerders ontvang, aangepas.

Die nasorgpersoneel het hierdie jaar verskeie opleidingsessies gehad.  Een sessie spesifiek gefokus op die doel van ‘n skool se nasorg en hoe om die nasorg effektief te bestuur en lekker vir die kinders te maak.  Die nasorgpersoneel het ook Lynette Beer se opleiding aan die begin van die jaar bygewoon, sowel as deel gevorm van die Transform to Perform opleiding.   Huiswerkklasse is ook uitgebrei en die graad 1 en 2 huiswerkklassies word nou apart hanteer.  Graad 3 - 7 het een middag ‘n week toegang tot die rekenaarklas sodat hulle die rekenaars vir Google Classroom, take, mondelinge en navorsing kan gebruik.

Die nasorggetalle het mooi toegeneem (na ‘n groot daling gedurende COVID-tye) en ons het ‘n addisionele 35 - 40 leerders bygekry.  Leerders geniet die nasorg nou so dat hulle hul maatjies oortuig om ook te kom en as ouers hulle te vroeg kom haal, vra om langer te bly.   Die nasorg het hierdie jaar twee geleenthede geskep vir die nasorgleerders om bietjie “gees te vang” en het ‘n “Funky pants” dag en ‘n “Nasorg is Tops” dag gehad.  Net die nasorgleerders kon op daardie spesifieke dag sivvies aantrek – die een dag kon hulle ‘n interessante (‘’funky’’) broek dra en die ander dag ‘n interessante hemp of top.

‘n Ander hoogtepunt is dat ons nasorghoof, Madri Greyling, haar onderwysgraad verwerf het.  Ons is ook baie trots op Dolinda Mfulo wat hierdie jaar ingeskryf het om haar matriek te kry.  Sy vorder goed en sal teen volgende jaar Junie klaar wees.

## Huppelland

Dit was ‘n opwindende jaar by Huppelland vol hoogtepunte en baie gebeure. Hulle het die jaar met die volgende afgesluit:

- Wilde Weste Gr R-konsert;
- Tweejaarlikse Huppellandbraai;
- Gr R-gradeplegtigheid;
- Gr 00 & Gr 0-piekniek; en
- Markdag.

Die volgende projekte is die afgelope jaar by Huppelland aangepak en voltooi:

- Alle ou Gr. R-tashokkies is vervang. Heelwat hokkies het waterskade gehad en van die hokkies het uitmekaar geval na jare se gebruik.
- Terselfde tyd is die Gr. R-kombuis se kaste opgeknap. Die ou kaste is almal vervang en ekstra kaste is ook aangebou om te help met stoorplek.
- Die geroeste wasbak en die afvoerpype is vervang.
- Nuwe spanvoorskote is vir alle assistente en juffrouens aangekoop.
- ‘n Nuwe tekentafel is spesiaal vir die voorste Gr R-speelarea en vir die Gr R-Bytjie klas laat maak.
- Beide fonteine, voor en agter, is oorgeverf en lekke is reggemaak. By die agterste fontein het ‘n kunstige pa vir ons ‘n pragtige muurskildery geverf.
- Die sandput in die Gr. R-speelarea is met kunsgras vervang en ‘n kleiner sandput, met ‘n oortreksel, is gebou. Die sand het veroorsaak dat die klasse baie vuil geraak het.
- Daar is nuwe fietsbane agter en voor laat verf.
- Die fondsinsameling vir die twee vriendskapsbankies voor en agter was baie suksesvol. Lize Beekman het hulle pragtig versier en ons skool het blootstelling op RSG en op KFM gekry. ‘n Prentjiemooi tuin en ‘n geheimetuin is met die geld wat oorgebly het, geskep. Scapeman en sy span het hiermee gehelp.
- ‘n Baie handige boekrak is buite die kantoor opgerig. Dit word Huppelland se uitruil-biblioteek genoem. Die kinders kan hulle ou boeke bring en uitruil vir ‘n ander een. Die ouers kan ook leesboeke bring en uitruil vir iets wat hulle nog nie gelees het nie.
- Die ou gemufde kas en pype agter by juff. Anike en Magdel se klasse is vervang en regmaak. Daar is nou ‘n praktiese nuwe wasbakarea by die terapiekamer. Die pype is ook vervang en die blokkasies het opgehou.
- Daar is ook gefokus om die skool te verfraai met nuwe plantjies, hangplantjies, nuwe klasmatjies en nuwe potrette in die personeelkamer. Die Skapieklas se vloere is oorgeteël. Twee ouers het die teël van die ou vloer vir Huppelland geborg.
- Ons is besig om ‘n nuwe personeelkamer, terapiekamer, vergaderingkamer en toilette te laat aanbou. Die planne is goedgekeur en ons wag net vir die finale koste. Stephan Hithcock van Stretch Architects doen al die argitekwerk. Stephen is ook ‘n ouer by Huppelland. Die beplande begindatum is 30 Maart 2023. Ons hoop dat die projek teen Junie/Julie 2023 afgehandel sal wees.
- Daar word sedert Februarie gewerk aan die ontwikkelling van ons nuwe Handelsmerk en ons ingangsbord. Annemarie Kemp, nog ‘n talentvolle mamma by Huppelland, het ons met die reuse taak gehelp en gelei. Huppelland het nou ‘n besondere handelsmerk en die mooiste ingangsbord wat al ons waardes van vriendskap, liefde, empatie, inklusiwiteit, natuur, geluk, omgee en veiligheid omvat. Die suksesvolle handelsmerk word nou ook verder oorgedra op hempies en hoedjies vir ons Huppellanders in 2023.






- Huppelland het pas ook op sosiale platforme eksperimenteer om bemarking. Huppelland het nou sy eie ***Instagram*** en ***Facebook*** bladsye. Dit gaan baie goed en ons kry baie positiewe terugvoer. Daar is ook 'n nuwe nuusbriefuitleg wat bestuur word deur die Mailchimp platform.

Ons het vanjaar ook 'n baie suksesvolle kunsuitstalling gehad waartydens R 85 533 ingesamel is. Hierdie fondse word gebruik om Huppelland se speelareas op te knap.

**MHK/Personeel**

Daar was hierdie jaar 81 personeel op die skool se diensstaat asook 4 terapeute; 3 eksterne musiekonderwysers en talle buite-afrigters.

Ons is baie bevoorreg om gesonde en flukse personeel te hê – min afwesighede en toegewyde personeel wat werklik die ekstra myl stap. Ons het 'n paar permanente Beheerraadaanstellings gemaak, naamlik:

- Anike Goliath by Gr 00;
- Nicola Swanepoel Gr 1;
- Roxanne Kika (ontvangs) by Huppelland;
- Shahneé Felix is ook in 'n WKOD pos aangestel.

Ons het 'n hele paar ander personeellede, veral klasassistente, op kontrak aangestel aangesien sommige personeel ons verlaat, of verhuis het. Daar was ook geleenthede gebied vir van ons personeel om te groei en ekstra vakke aan te bied: Sharon Mabena Engels vir EAT graad 7 en biblioteek vir graad 1 - 3 en Marlize ter Borg vir biblioteek.

*Presidential Youth Employment (PYE) klasassistent* - hierdie projek help om jeug in ons onmiddellike omgewing 'n werksgeleentheid te bied. Ons het hierdie jaar vir 3 jong mense 'n geleentheid gebied en die Opvoedingstrust het selfs gehelp dat hulle bestuurslesse neem om hul bestuurslisensies kry, sodat hulle makliker na afloop van hul kontrakte, werk kan kry. Twee van die drie assistente het hul bestuurlisensies geslaag. Ons was bevoorreg om een van die assistente (Bernadine Zitha), na afloop van haar kontrak, tydelik by die snoepie te kon inneem. Ons kon vir een van die ander assistente (Clothilda Thomas) 'n tydelike aflospos by Huppelland aanbied.

Verskeie van ons personeellede het hierdie jaar, met ondersteuning van die Opvoedingstrust, verdere studies aangepak. Razelle Hanekom en Leonie Mwanza was op kraamverlof.

Aan die einde van hierdie jaar verlaat die volgende drie personeellede, wie diep spore in ons skool gemeenskap getrap het, ons skool:

- Razelle Hanekom – sluit by HS Jan van Riebeeck aan;
- Nadia Stahmer-Meiring – verhuis na België waar haar man 'n nuwe werk begin;
- Bibi Janse van Rensburg – verhuis na Queenstown (Oos-Kaap). Haar man is bevorder.

<u>Die volgende nuwe aanstellings is vir 2023 gemaak:</u>

- Erick Snyman (opvoeder vir graad 5);
- Ilse-Marié Holtzhausen (opvoeder graad 4);
- Suné Swanepoel (Kodering en Robotika) en
- Rashard Fuller (sportorganiseerder).

## <u>**Leerderraad**</u>

Die leerderraad van 2022 het hul baie goed van hul taak gekwyt. Die jaar is met 'n goeie "*Lead4Life*"-sessie afgeskop. Tydens hierdie sessie het die leerderraad baie oor leierskap en spanwerk geleer. Dit het 'n werklike sterk band tussen hulle gevorm wat regdeur die jaar volgehou is. Die leerderraad het baie goed as 'n span saamgewerk. Hulle was verantwoordelik vir onder andere: saalopeninge, terreindiens, verwelkoming van gr1's aan die begin van die jaar sowel as die verwelkoming van die gr.1's van 2023, beplanning van die gr.7-sokkie, roomysverkope vir die gr.7-fondsinsameling. Ons hoofleiers, Owen Wiese en Liza Hitge, is aan die einde van die tweede kwartaal aangewys. Hulle is albei sterk leiers en hulle het goeie leiding geneem. Die leerderraad het ook seker gemaak om die hele gr.7-groep by hul projekte te betrek wat 'n gevoel van eenheid onder die gr.7's geskep het. Hierdie groep se inisiatiewe en entoesiasme was opmerklik, 'n sterk groep leerders wat deur die loop van die jaar wonderlike leiereienskappe getoon het.

## <u>**OOV**</u>

Die jaar het afgeskop met die lang verwagte 101-jaar feesvieringe op 31 Januarie 2022. Die ''food-truck'' het smaaklike kos verskaf en ons almal weet dat heerlike kos en goeie wyn mense van verskillende agtergronde bymekaar bring. Dus was die samesyn verdiskonteer in die spreekwoordelike 101 jaar wat die skool bestaan.

Nog 'n suskesvolle Kleiduif-skietkompetisie is op Donderdag, 21 April, by die Valley Gun Club, Agter-Paarl aangebied. Baie dankie aan ons hoofborg Safari Outdoor wat die geleentheid weer moontlik gemaak het. Baie dankie aan Stephanie le Roux en Ria Hertzog wat die puik dag gereël het. Die dag was 'n groot sukses en daar is R62 600 vir die Laerskool Jan van Riebeeck Opvoedingstrust en R46 682 vir die ''Alive Foundation'' ingesamel.

Vanjaar is daar op kort kennisgewing weer besluit om die gewilde Kaperjolle aan te bied en dit het op Saterdag, 23 April, plaasgevind.  'n Wins van R132 000 is op die dag gemaak.  Baie dankie aan Ria Hertzog en die OOV-span vir al hul harde werk en toewyding die afgelope jaar.

Ons jaarlikse 'Quiz'-aand het op Vrydag, 19 Augustus 2022, plaasgevind.  Die gewilde sosiale geleentheid het baie goed afgeloop.  Baie dankie vir Karien Zulch en haar span wat die gewilde aand se sukses verseker het.

Laerskool Jan van Riebceeck sluit week 4 van die laaste kwartaal af met die aanbieding van 'n suksesvolle gholfdag op Vrydag, 04 November 2022, by die Royal Cape Gholfklub. Baie geluk aan Oloff Sieberhagen en sy span (Louis Boshoff, Adriaan Theron en Jake Rennie) wat die dag puik gespeel het en met 'n allemintige 93 punte (4bal-samespel met beste 2 punte per putjie) die gholfdag gewen het.  Laat my ook toe om die organiseerder van die gholfdag naamlik, Alet Loubser, hartlik te bedank vir al haar puik reëlings om die 48 spelers op die dag te akkommodeer en spesiaal te laat voel.

Ons is baie dankbaar vir die klasverteenwoordigers/OOV-lede wat Ria Hertzog se hande hierdie jaar vasgehou het. Baie dankie, Ria, vir al jou tyd en reëlings as Voorsitter van die OOV.  Dit is fantasties om in 'n wêreldstad te woon waar mense nog in mekaar belangstel en vir mekaar omgee.

**Personeelopleiding**

Ons maak jaarliks voorsiening in ons begroting om te verseker dat daar effektiewe personeelopleiding gedurende jaar geskied.

Die jaar is afgeskop met 'n lekker lewendige, opwindende werkswinkel wat deur Lynette Beer aangebied is.  Haar passie oor verskillende temperamente het verseker dat die personeel sommer opgewonde oor hul sterkpunte en leemtes is.  Sy het 'n opvolg aanbieding (vanaf Jan. 2020) gedoen wat die temperamente asook die liefdestale aangespreek het.  Ons lag en redeneer heerlik oor die verskillende temperamente in ons skoolomgewing en herken ook leemtes wat ons met nuwe aanstellings aanvul.

Ons het opleiding gedoen om groei-ingesteldheid (*Growth Mindset)* ten volle gedurende 2023 te implementeer.  Ons is so gelukkig om deel van die WKOD se loodskoleprojek te wees.

Talle ander webinars en opleiding is bygewoon wat deur Fedsas, WKOD, SAOU, SUMMIT (Rian Truter), sportwerkswinkels, en die studiekursusse vir graad 4 - 6-leerders, ens. aangebied is.  Opleiding is dus nie net deur eksterne instansies gelewer nie.  'n Spesiale werkswinkel betreffende groei-ingesteldheid en persoonlike groei is ook vir die eerste keer aan die terreinpersoneel deur die WKOD aangebied.

Die migrasie vanaf die Google platform na Microsoft 365 veroorsaak dat IKT-opleiding in die verband elke Dinsdag- en Donderdagoggend voor skool gedurende kwartaal 4 vir die onerwysers aangebied is.  Die opleiding sal gedurende 2023 voortgesit word.

**Uitreikprojekte en Welwillendheid**

Die skool se doel met uitreike is om die gemeenskap en leerders te ondersteun. Ons skool ondersteun vanjaar 22 leerders binne ons eie skool met die volgende:

- Etes gedurende pouses
- Skoolklere
- Sporttoerusting
- Kampe en uitstappies
- Skryfbehoeftes

Uitreikprojekte vir 2022:

- Kos vir troeteldiere aan LEAPS geskenk.
- Swemklere en -toerusting aan Laerskool Prestwich geskenk.
- Kos aan Laerskole Prestwich en Ellerton voorsien.
- Die Gr. 7-markdag van Laerskool Ellerton is by ons skol gehou en die Jannies het hulle ondersteun.  Dit was heerlik om hul skoolhoof, Gr. 7-onderwysers en Gr. 7-leerders by ons skool te ontvang.
- Skoolklere is aan Laerskool Ysterplaat geskenk.
- Sporttoerusting en konsertklere is aan LS Fanie Theron geskenk.

**Tegnologie**

Ons het hierdie jaar voortgegaan om Chromebooks in klasse te gebruik as aanvulling tot ons akademie. Geen nuwe toestelle is aangekoop nie omdat ons volgende jaar nuwe toestelle gaan uitrol. 2023. Verder het ons begin met die migrasie vanaf die Google omgewing na Microsoft 365. Die personeel het reeds in die Microsoft omgewing begin werk en opleiding ontvang. Leerders sal van die begin van 2023 af Microsoft toepassings begin gebruik. Ons het 'n IKT-komitee onder leiding van Marié Cruywagen gestig wat weekliks vergader om die implementering van ons ITK-strategie te verseker.  Ons is baie opgewonde om volgende jaar voltyds op MS Teams te werk.

**Dapper Stappers**

Ons het die jaar met 'n lekker steil roete teen die ikoniese Tafelberg op afgeskop en het beslis 'n paar leerders en ouers se uithouvermoë getoets. In kwartaal 2 het ons 'n 2-dag staproete vanaf Greyton tot McGregor in die Boesmanskloof gestap en in pragtige huisies in die berg oorgeslaap. Dis 'n pragtige roete met 'n lieflike swemgat halfpad. Weereens was dit 'n lekker uitdaging (en hierdie keer met sakke op ons rûe). Almal was vroeg in die bed na kuiers om die braaivleisvure. Die reën het ons egter in gehaal en die volgende oggend toe ons moet begin terugstap wat heelwat ouers en kinders nie meer kans gesien het nie. Die Dapperes het die pad in die reën

aangedurf en die res het ‘n bussie gereël. Kwartaal 3 en 4 se kalender was egter propvol met buitemuurse aktiwiteite en die Dapper Stappers het nie stappe gereël nie. Baie dankie, juf. Suzaan, vir al jou reëlings in die verband.

**Skooldrag**

Na ‘n hele aantal gesprekke wat al voor 2022 begin het, is daar besluit om die skooldrag aan te pas. Dis weens ‘n paar faktore gedoen:

- meer moderne en gemaklike voorkoms
- minder verlore goedere
- tydbesparing van leerders om vanaf skool- na sportdrag te verwissel
- kleurkombinasie (skooldrag: wit en donkerblou vs. sportdrag: oranje en donkerblou)

Wees verseker dat hierdie besluite nie sommer oornag plaasgevind het nie. Prosesse is gevolg sodat ons die beste produk kan lewer wat steeds uniek tot ons skool is. Hierdie aanpassing is al gedurende kwartaal 3 van 2022 gekommunikeer. Daar word glad nie van ouers verwag om gedurende 2023 alle klere nuut aan te koop nie. Ons aanvaar dus dat ons leerders ‘n verskeidenheid van klere (oud en nuut) sal dra. Slegs die someruniform is al bekendgestel. Die res van die skooldrag sal bekendgemaak word soos wat dit gereed is.

Ons aanvaar dat nie almal van verandering hou nie. Ons weet egter dat dit baie nodig vir ons skool is om wel aanpassings te maak.

**Woord van dank**

‘n Opregte woord van dank aan ons dinamiese Beheerraad wat hul portefeuljes met groot verantwoordelikheid opgeneem het om seker te maak Laerskool Jan van Riebeeck gaan van krag-tot-krag.

Graag wil ek die Exco en personeel hartlik bedank vir hul toewyding, omgee en onbaatsugtige bydrae om die sukses van ons skool te verseker. Laat my ook toe om ons Adjunkhoof, Marinda, te bedank vir haar lojale ondersteuning en bystand.

Baie dankie aan ons ouers wat vanjaar finansiële bydraes tot ons skool gemaak het om onder andere die klubuis op te gradeer, die ontwikkeling van die sportveld aan die agterkant van die skool, die teer- en plaveiselwerk aan die agterkant van die skool, die oprigting van die elektroniese tellingbord by die Conradieveld asook die verfraaiing van die ingang na die voorportaal. Ons het groot waardering!

Dan laaste, maar nie die minste nie, wil ek ons ouers/voogde opreg vir hul ondersteuning, lojaliteit en betrokkenheid by die skool bedank. Ouerbetrokkenheid bepaal die sukses van enige skool en julle het dit met vlieënde vaandels geslaag.

**<u>Afsluiting</u>**

Mag Laerskool Jan van Riebeeck jaarliks net van krag-tot-krag gaan en sy leuse van ***Wees Jouself*** uit te leef waar die Jannies uitsien om skool toe te kom. Die skool is hulle ''happy place'' waar daar gespeel word terwyl hulle leer.

Vanjaar was so lekker om ook weer Ouma- en Oumadag asook Vrouedag behoorlik te kon vier.  Baie dankie aan Marinda vir al die puik reëlings in die verband.  Ons beplan reeds aan heelwat nuwe projekte wat nog in 2023 bekendgestel gaan word.

Graag wens ek vir ons skoolgemeenskap 'n wonderlike rustyd en 'n heilsame feestyd saam met vriende en familie toe.  Mag 2023 vir ons almal baie voorspoedig wees met 'n beker van dankbaarheid wat oorloop.

Vriendelike groete

**Naas Beets**
**SKOOLHOOF**

**13 Desember 2022**